# University of Fort Hare
*Together in Excellence*

## FACULTY OF EDUCATION:

School of General & Continuing Education

**AFL 313 E**

**Afrikaans First Additional Language 1 (FP)**

| | |
|---|---|
| ***Module/ Course Code*:** | **AFL313 E** |
| **Total** | **100 Marks** |
| **Date:** | **JUNE / JULY 2023** |
| **Time:** | **3HRS** |
| **Internal Examiner** | **Internal Moderator** |
| **Dr. N Gqeba** | **Dr. I .Roy** |

**Please Note:**

- **Antwoord al die vrae / Answer all questions**
- **Lees Read through the instructions**

**MEMO FOR AFL 313E**

Voltooi die volgende vrae -. skyf jou antwoorde in die antwoord boek oop ruimte. / *Complete the following questions – . Write your answers in the answer sheet provided.*

**Vraag 1 / *Question 1*** **(3)**

Sê of die volgende stelling waar of vals is en motiveer jou antwoord: / *State whether the following statement is true or false and motivate:*

- Daar is 'n verskil tussen fonemiese en fonologiese bewustheid. / *There is a difference between phonemic and phonological awareness.*

| |
|---|
| Waar ✓<br><br>Fonologiese = sort klankbewustheid / kennis van die klankstruktuur van taal ✓<br><br>Fonemiese = woorde bestaan uit individuele klanke ✓ |

**Vraag 2 / *Question 2*** **(2)**

Identifiseer twee strategieë wat onderwysers kan inspan om te bepaal of 'n leerder gehoorprobleme het. / *Identify two strategies that teachers could use to identify learners with hearing problems in class.*

| |
|---|
| 'n Leerder wat nie goed hoor nie sal nie sy kop draai as iemand agter hulle fluister nie. ✓<br><br>'n Leerder wat nie goed hoor nie sal sy kop draai om met die goeie oor te luister. ✓ |

**Vraag 3 / *Question 3*** **(3)**

Skryf die gepaste Graadvlak in kolom B neer. / *Write down the correct Grade level in column B.*

| **Kolom A: Graadfokus of -inhoud / *Column A: Grade focus or content*** | **Kolom B: Graad / *Column B: Grade*** |
|---|---|
| In dié Graad word leerders mondeling aan tekste, soos instruksies vir resepte en feitlike oorvertellings, blootgestel. / *In this Grade, learners are exposed to oral texts, such as instructions for recipes or factual recounts.* | 3 ✓ |
| In dié Graad word leerders aan taal blootgestel in die vorm van stories en instruksies – die klem val egter op narratiewe tekste. / *In this Grade, learners are exposed to language through stories and instructions – the main focus is however on narrative texts.* | 1 ✓ |

| | |
|---|---|
| In dié Graad word leerders aan mondelinge oorvertellings in die EAT blootgestel. / *In this Grade, learners are exposed to oral recounts in the FAL.* | 2 ✓ |

**Vraag 4 / *Question 4*** **(2)**

Hoekom is stories belangrik? / *Why are stories important?*

Any two for ✓✓

Dit bevorder leerders se ontluikende geletterdheid. / *It stimulates a learner's developing literacy.*

Dit bou die leerder se woordeskat uit en hulle ontwikkel 'n aanvoeling vir die struktuur van die taal – stories word vertel om 'n bepaalde lettervolgorde in woorde vas te lê, om woorde in konteks aan leerders oor te dra, en om die vorming van letters en syfers te verduidelik. / *It broadens their vocabulary and it helps them to get a feel for the language structure / convensions.*

Hulle leer ook wat die konvensies van die tekste is waaraan hulle herhaaldelik blootgestel word (fiksie en niefiksie). / *They also learn about the text convensions of different genres.*

Die leerder se verwysingsraamwerk neem toe. / *It expands their frame of reference.*

Hulle koppel nuwe begrippe binne sy verwysingsraamwerk en assimileer nuwe begrippe. / *They connect new concepts to their existing frame of reference and they assimilate new concepts.*

Storievertelsituasies skep 'n intieme atmosfeer wat die leerders se sosiale ontwikkeling bevorder. / *Stories create an intimate atmosphere.*

Leerders raak emosioneel betrokke by die storie en hulle bou waardes en norme hierdeur. / *Learners become emosionally invested in a story.*

Die leerders word in aanraking gebring met lewenswerklikhede. / *Stories expose them to the realities of the word.*

Dit wat hulle in stories hoor en leer help hulle om van hul eie leefwêrelde sin te maak. / *Helps them make sense of their own reality.*

Sosiale kohesie kan bevorder word – leerders kan aan verskeie kulture, gelowe en rasse blootgestel word deur stories om verdraagsaamheid te leer. / *Improves social cohesion by exposing learners to different cultures, religions and races.*

Stories stimuleer en voed leerders se verbeelding en kreatiwiteit. / *Stimulates their imagination and creativity.*

Stories verteenwoordig 'n genotvolle ervaring. / *Represents a pleasant experience.*

Dit maak leerders positief oor lees en taal.

Stories bied geleenthede tot denke. / *Provides them with opportunities to expand their critical thinking.*

Stories lei tot kreatiewe vrae en refleksie.

Leerders leer om inligting te evalueer. / *Help evaluate information.*

Skep geleentheid vir die leerders om ook na gedigte en rymstories te luister en die rymwoorde te identifiseer. / *Provides them with the opportunity to listen to poems and rhymes.*

Leerders kan dan al die woorde wat rym neerskryf, en ook daardie woorde as naamwoorde (naam) en werkwoorde (doen) kalsifiseer saam die onderwyser.

**Vraag 5 / *Question 5*** **(3)**

Wat is gedeelde lees? / *What is shared reading?*

Own words …

□ 'n Grootboek met prente en vergrote teks wat al die leerders kan sien terwyl hy of sy lees. Dit staan as "gedeelde lees" bekend. / Big books used to read to the learners.

- Die voordeel van gedeelde lees is dat dit nie net 'n uitstekende luisteraktiwiteit is nie, maar dit ontwikkel ook die leerder se ontluikende geletterdheid. / Not just a helpful reading / listening aid, it stimulates a learner's developing literacy.

- Kinders leer so die konsepte van die gedrukte media (byvoorbeeld, ons lees van voor na agter in 'n boek, van links na regs en van bo na onder op 'n bladsy), en hulle begin die woorde in die addisionele taal herken (byvoorbeeld hy, sy). / Learn the conevtions of reading printed media.

**Vraag 6 / *Question 6*** **(5)**

Hoekom is dit belangrik om lesse en aktiwiteite rondom temas te organiseer en wat moet onderwysers ingedagte hou wanneer hulle temas kies? / *Why is it important to organise lessons and activities around themes and what should teachers keep in mind when selecting themes?*

- Hierdie aktiwiteite word rondom temas georganiseer. / Activities are organised around themes.

- Daar word aanbeveel dat onderwysers vier temas per kwartaalkies, miskien minder waar die minimum tyd vir Eerste Addisionele Taal gebruik word. / Four themes per quarter of teaching.

- Die onderwyser moet temas kies wat hulle tot die aanleer van 'n addisionele taal leen. Die temas moet aan die leerders bekend wees, verkieslik temas wat reeds in Huistaal gebruik is en wat baie geleentheid bied om die taal in konteks te leer. / Themes should lend themselves to the teaching of a FAL. Themes must be known to learners, repeat theme from home language.

- Die rede vir die gebruik van temas, is om herhaling van woordeskat en taalstrukture in betekenisvolle konteks te plaas, byvoorbeeld woorde wat met die liggaam verband hou (gesig, oë, ore, neus, mond, arms, bene, voete) en die posisie van die liggaamsdele (Wys na jou ...; Dit is my ...; Hier is my ...) moet herhaaldelik in konteks gehoor word en dan moet leerders die geleentheid kry om die woordeskat te gebruik. / Themes are used to reinforce the use of vocabulary and language structure in a meaningful context.

**Vraag 7 / *Question 7*** **(6)**

Noem twee speletjies wat gebruik kan word om leerders by die luisterproses te betrek. / *Name two games that could be used to involve learners in the listening process.*

| |
|---|
| • Boontjiesakspeletjies / Bean bag games: |
| • Telefoontjie / Operator: |
| • Simon sê / Simon says: |

## Vraag 5 /Question 5

Skep 'n lesplan van 20 minute lank voor waarin jy 'n les saamstel wat jou focus is op **woordeskat**. / Prepare a lesson *in the AFAL classroom, teachers need to focus a lot on* ***vocabulary acquisition***.Jou aanbieding mag in Afrikaans of Engels wees, maar jou voorbeelde moet in Afrikaans wees.

**SECTION 1 – LESSON PLAN**

| **Datum** | **Graad & Kwartaal** | **Aantal kinders in die klas** | **Lengte van die les** | **Lesplannommer** |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |

**KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSVERKLARING:** Dui die volgende inligting aan.

| | |
|---|---|
| **Vak** | |
| **Inhoud** | |
| **Onderwerp** | |
| **Konsep/Vaardighede** | |
| **Bladsyverwysing (Handboek en CAPS)** | |

**DOEL VAN DIE LES:** Watter nuwe kennis/vaardighede en so voorts sal die leerder kan toon aan die einde van die les.

| | |
|---|---|
| **Lesdoel** | |

**INLEIDING:** Die begin van die les moet bou op die leerder se bestaande kennis of vorige inhoud. / Die inleiding sit die doel van die les uiteen. / Die inleiding is aandagboeiend.

| | |
|---|---|
| **Inleiding** | |
| **Vrae** | |
| **Hulpmiddels** | |

**LESONTWIKKELING:** Hierdie fase vloei uit die inleiding. / Dit moet in lyn wees met die doelstellings van die les. / Gebruik 21st eeu onderrigstrategieë/-metodes.

| | |
|---|---|
| **Lesontwikkeling** | |
| **Vrae** | |
| **Hulpmiddels** | |

**AFSLUITING:** Bring die les tot 'n einde. / Bied 'n oorsig of opsomming van die leer wat plaas gevind het. / Leerders reflekteer op wat hulle geleer het gedurende die les.

| | |
|---|---|
| **Afsluiting** | |
| **Vrae** | |
| **Hulpmiddels** | |

**ASSESSERING:**

| | |
|---|---|
| **Strategieë/ Metodes** | |
| **Maniere/metodes/instrumente** | |

[50]

**Total / total= [100]**

**TOTAAL / TOTAL [100]**